Die Burger
4 Februarie 2016

Skoolhoofde 'sal ál meer vervang word'

Kaapstad. – Die gemiddelde ouderdom van Suid-Afrikaanse skoolhoofde het sedert 2004 beduidend toegeneem. Altesaam 33% van die skoolhoofde in Suid-Afrika is 55 jaar of ouer, teenoor slegs 17% agt jaar gelede.

"As die ouderdomsprofiel styg, styg die aantal skoolhoofde wat jaarliks vervang moet word," het Gabrielle Wills, 'n navorser van die Universiteit Stellenbosch se navorsingseenheid oor sosiaal-ekonomiese beleid, oor leierskap in skole verduidelik.

"Daar is net meer as 24 000 openbare skole in Suid-Afrika en minstens 1 000 skoolhoofde sal elke jaar in die volgende tien jaar aftree en vervang moet word."

Só lyk die jongste statistieke:

- Die getal skoolhoofde tussen 55 en 59 jaar het van 2004 na 2012 met 12% toegeneem;
- Daarenteen het jonger skoolhoofde tussen 45 en 49 jaar met 3% verminder;
- Volgens die jongste statistieke is daar geen skoolhoofde tussen 26 en 34 jaar nie; en
- Skoolhoofde van kwintiel-5 skole (die welgesteldste skole) is gemiddeld ouer as skoolhoofde in ander kwintiele. Van die skoolhoofde van kwintiel-5 skole is 20% 55 jaar of ouer.

Die rede vir dié bottelnek van skoolhoofde tussen 55 en 60 jaar is volgens Wills moontlik die klein beweegruimte binne die onderwysstelsel. "Dit beteken dat die meeste skoolhoofde jare lank in dieselfde pos bly. Driekwart van die skoolhoofde wat uit hul poste beweeg, tree af."

Wills se navorsing dui ook aan dat bitter min bevorderings na die posvlak van skoolhoof buite 'n skool of provinsie plaasvind. "Bykans die helfte van die skoolhoofde wat aangestel word, word uit laer range binne dieselfde skool bevorder." – **Anika Marais**